AFRSA

ISEBE LEMFUNDO LEMPUMA KOLONI
EASTERN CAPE EDUCATION DEPARTMENT
OOS-KAAP ONDERWYSDEPARTEMENT

IIMVIWO ZEBANGA LOKUGQIBELA
NATIONAL SENIOR CERTIFICATE EXAMINATIONS
NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN

# SEPTEMBER 2009

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL – EERSTE VRAESTEL

**IXESHA: 2½ iiyure** | **TIME: 2½ hours** | **TYD: 2½ uur**
**AMANQAKU: 120** | **MARKS: 120** | **PUNTE: 120**

*Skryf op die buiteblad van jou antwoordeboek, teenoor die woord "Vak" –*
**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL – EERSTE VRAESTEL**

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip VRAAG 1 – 3 | (30 punte) |
| AFDELING B: | Opsomming VRAAG 4 | (10 punte) |
| AFDELING C: | Taal VRAAG 5 – 9 | (60 punte) |
| AFDELING D: | Letterkunde VRAAG 10 – 11 | (20 punte) |

3. Lees die instruksies by AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde korrek soos op die vraestel.
5. Trek ŉ streep na elke afdeling.
6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die vrae:

**Hoopvol**

Jaco Jakobs

1. As jy dink dat vandag se jongmense net belangstel in Mxit, Playstation en "chat rooms", is jy verkeerd. As ʼn mens na jong leiers op skool en universiteit luister, besef jy dat hulle sterk menings van hulle eie het en weet wat rondom hulle aangaan. Jongmense weet hulle is die toekoms en dat hulle daarom ingelig moet wees.

2. Success Lekabe is net agtien jaar oud, maar sy het reeds aan die belofte van haar naam voldoen. Dié onderhoofmeisie van die Hoërskool Gimnasium in Potchefstroom is al van jongs af in leiersposisies. In Graad 8 was sy kaptein van haar skool se eerste krieketspan, sy is ʼn koshuisprefek en verlede jaar is sy aangewys as kaptein van die nasionale o.17-netbalspan.

3. Ten spyte van al hierdie prestasies, is dié matriekmeisie se voete stewig op die aarde. "Ek glo die belangrikste eienskap van ʼn goeie leier is dat jy ʼn voorbeeld moet stel en dit dan moet uitleef. Soms glo ek dat ʼn leier ook bereid moet wees om te volg."

4. As ʼn mens vir haar vra wie sy dink ʼn voorbeeld van ʼn goeie leier is, sê sy dit is definitief Nelson Mandela en F.W. de Klerk. Hulle het drome gehad en nie opgehou om daardie drome uit te leef nie. Sy glo ook dat Einstein, Edison en ander mense bo hulle omstandighede uitgestyg het om leiers te word.

5. In haar eie lewe is daar veral twee vroue wat haar baie inspireer. Die een is haar tante, wat ook ʼn onderwyseres is. Sy is een van daardie mense wat dinge laat gebeur. Die ander een is haar ma, wat ook ʼn sterk leier met ʼn sterk persoonlikheid is.

[Verwerk uit: *Taalgenoot,* September 2007]

## VRAE

1.1 Watter EEN woord in reël 5 sê vir ons dat jongmense weet wat rondom hulle aangaan? (1)

1.2 Wie is, volgens Jaco Jakobs, die "toekoms"? (1)

1.3 Waar is Hoërskool Gimnasium geleë? (1)

1.4 In watter leiersposisie is die 18-jarige Success by Hoërskool Gimnasium? Noem EEN. (1)

1.5 Noem TWEE sportsoorte waaraan Success deelneem. (2)

1.6 1.6.1 Het Success Lekabe se sukses haar hoogmoedig gemaak? Skryf net JA of NEE. (1)

1.6.2 Haal VYF opeenvolgende woorde uit paragraaf 3 aan om jou antwoord in VRAAG 1.6.1 te motiveer. (1)

1.7 Hoekom dink Success dat Nelson Mandela ŉ goeie leier is? (1)

1.8 1.8.1 Sê of die volgende WAAR of ONWAAR is:

Success Lekabe woon in ŉ koshuis. (1)

1.8.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.8.1. (1)

1.9 Watter werk doen haar tante? (1)

1.10 Watter antwoord pas NIE?

Haar ma ...

A het ŉ sterk persoonlikheid.
B is ŉ sterk leier.
C is vir haar ŉ inspirasie.
D is die kaptein van ŉ sokkerspan. (1)

1.11 Waarom, dink jy, sê Jaco Jakobs dat Success Lekabe se naam by haar lewe pas? (1)

**[14]**

## VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae daaroor:

**KONTANT NODIG?**
**Geen rede om die bank te breek nie.**

Kontak ons: 0861 66 55 22

*Maklike terugbetaal-opsies ( 12 – 60 maande)
*Lenings vanaf R1 000 – R50 000
*Rentekoerse om jou sak te pas!

Kontak ons as jy R2000 of meer per maand verdien.

Maak net seker jy het die volgende byderhand wanneer jy ons kontak:

- ID-nommer
- Bankbesonderhede
- Kontakdetail
- Werkbesonderhede
- Een betroubare verwysing
- Indien getroud, jou man/vrou se besonderhede

www.rcsgroup.co.za

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 27 November 2008]

### VRAE

2.1 2.1.1 Kies die KORREKTE antwoord.

Wie, dink jy, sal in hierdie advertensie belangstel?

A kleuters
B werkende volwassenes
C tieners
D werklose volwassenes (1)

2.1.2 Gee ŉ rede vir jou antwoord in VRAAG 2.1.1. (1)

2.2 2.2.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

As jy R2500-00 per maand verdien, kan jy ook bel. (1)

2.2.2 Motiveer jou antwoord met ŉ aanhaling uit die advertensie. (1)

2.3 Waarvoor staan die "–" in "R1000 – R50 000"? (1)

2.4 Noem EEN van die belangrike goed wat jy naby jou moet hê wanneer jy bel. (1)

2.5 In watter tydskrif het hierdie advertensie verskyn? (1)

**[7]**

## VRAAG 3: TELEVISIEGIDS

Kyk na die televisiegids en beantwoord dan die vrae:

| sabc 1 | | sabc 3 | | m-net | |
|---|---|---|---|---|---|
| 06:30 | Yo-TV | 05:00 | Kinderprogramme | 07:00 | K-TV |
| 10:00 | Generations | 09:00 | Krieket | 11:00 | Supersport |
| 12:30 | Imzwilili | 18:00 | Top Travel: Reisprogram | 19:00 | Sonderspore |
| 14:00 | Sportwrap | 19:00 | Nuus | 20:00 | Nokia-Gesig van Afrika |
| 14:03 | Telkom Splash | 20:00 | Home Fries: Sally, ʼn swanger kelnerin, raak verlief op die stiefseun van haar kind se oorlede pa | 21:30 | Vuller |
| 17:00 | Fifa-beker | 22:00 | Misdaad in Miami: Aksie-drama met Wesley Snipes en Diane Lane | 22:15 | Die Held: drama/riller |
| 18:00 | Selimathunzi | | | 04:05 | Fotostories: Komedie |
| 19:00 | Nuus: Xhosa | | | | |
| 20:00 | Telkom-beker Halfeindstryd | | | | |
| 22:00 | Celtic Pride: ʼn Sportkomedie met Dan Akroyd | | | | |
| 00:00 | SMS to win | | | | |
| | | | | | |
| [Verwerk uit: *Die Burger*, 29 November 2008] | | | | | |

### VRAE

3.1 Kies die antwoord uit KOLOM B wat die beste pas by die omskrywing in KOLOM A. Skryf net die letter langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1.1 | Die nuus in Xhosa | A | Nokia |
| 3.1.2 | ʼn Kompetisie na middernag | B | Celtic Pride |
| 3.1.3 | Selfoonmaatskappy wat ʼn skoonheidskompetisie borg | C | Die Held |
| 3.1.4 | Kyk daarna as jy lekker wil lag | D | sabc 1 |
| | | E | SMS to win |

(4)

3.2 Wat dink jy, sien ʼn mens op *Top Travel*? Verduidelik in jou eie woorde. (1)

3.3 3.3.1 Watter tipe werk doen Sally in *Home Fries*? (1)

3.3.2 Haal ŉ woord aan wat vir ons sê dat Sally ŉ baba verwag. (1)

3.4 Voltooi: Die aksiefliek waarin Wesley Snipes speel, speel in die Amerikaanse stad, ... af. (1)

3.5 Wie speel saam met Snipes in hierdie fliek? (1)
**[9]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4

Ouers kan self hulle tieners help om te keer dat hulle drank misbruik.

- Som die SEWE belangrikste wenke op van hoe ouers dit kan doen.
- Skryf die wenke puntsgewys neer.
- Jou opsomming mag nie meer as 60 woorde wees nie.
- Skryf die getal woorde onderaan die opsomming.

**Wees ŉ goeie ouer vir jou tiener! 7 wenke van tieners aan ouers**

Drankmisbruik onder tieners kom al meer voor want dit word as "koel" beskou om te drink. Skole raak bekommerd, want alkohol verlaag tieners se inhibisies en dan doen hulle dinge wat hulle nooit sou gedoen het nie. Hulle vaar ook nie goed op skool nie.

Een van die redes waarom tieners drank misbruik, is omdat volwassenes en ander tieners dit doen. Die ander redes vir drankmisbruik is verveling, groepsdruk en ŉ manier om van spanning ontslae te raak.

Maar, tieners sê dat ouers die probleem kan voorkom as hulle nie voor hulle kinders drink nie. As ouers dronk word, dink tieners dat hulle dieselfde mag doen. Minderjarige kinders moet gestraf word as hulle dronk by die huis kom. Hulle is nog jonk en moet die reëls van die huis gehoorsaam. Moet dus nie bang wees om reëls af te dwing en perke te stel nie. Tieners moet weet wat die gevolge van hulle oortreding gaan wees.

Kommunikasie binne die gesin is belangrik. Tieners sê self dat gesinslede met mekaar moet praat, sodat almal weet wat hulle mag of nie mag doen nie. "Praat met jou tiener" is die beste wenk. Praat met hulle oor verkeerde maats. Al lyk dit of hulle nie belangstel nie, hoor hulle jou tog op die een of ander vlak.

Baie tieners drink omdat hulle verveeld is. Moedig hulle aan om na plekke te gaan waar hulle pret kan hê, sonder om te drink. Hulle kan gesonde, opwindende aktiwiteite doen.

Hulle moenie te veel sakgeld kry nie. Baie geld maak dit maklik om drank te kan koop.

As ouers hierdie wenke volg, sal hulle hopelik hulle tieners kan help om die misbruik van alkohol te voorkom.

[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 27 November 2008]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 5: STROKIESPRENT

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae daaroor.




[Uit: *Die Burger,* 29 November 2008]

Volg die instruksies in die regterkantste kolom om die regte antwoorde in die linkerkantste kolom te gee. Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer. **Die spelling moet korrek wees.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mama Taxi sê dat Suid-Afrikaners die (5.1 luiste) werkers is. | 5.1 | Gee die antoniem. | 1 |
| Hulle is altyd (5.2 baie bang) om iets te doen. | 5.2 | Gee die intensiewe vorm. | 1 |
| Mama Taxi het (5.3 somer/sommer) baie (5.4 taxi). | 5.3<br>5.4 | Kies die regte woord.<br>Gee die meervoud. | 1<br>1 |
| (5.5 Elke oggend) koop (5.6 julle/hulle/hele) die (5.7 een) koerant wat verskyn. | 5.5<br>5.6<br>5.7 | Gee een woord.<br>Kies die regte woord.<br>Gee die regte vorm van die woord. | 1<br>1<br>1 |
| As hulle net werk kan kry, sal hulle (5.8 geld soos …) maak. | 5.8 | Voltooi die uitdrukking. | 1 |
| Aan (5.9 wie/wat) behoort die taxi met die (5.10 klein wiele)? | 5.9<br>5.10 | Kies die korrekte woord.<br>Gee die verkleinwoord. | 1<br>1 |

**VRAAG 5.11 tot 5.23 is op die onderstaande spotprentjie gebaseer.**

[Uit: *Huisgenoot*, 6 April 2006]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hulle was almal (5.11 met/in) vakansie en Nols praat nou juis (5.12 oor + dit). | 5.11<br>5.12 | Kies die korrekte voorsetsel<br>Gee die regte vorm. | 1<br>1 |
| Nols (5.13 luik/lyk/leik) baie (5.14 aantreklik) in (5.15 hy/sy) pak klere. | 5.13<br>5.14<br>5.15 | Kies die regte woord.<br>Gee ŉ sinoniem.<br>Kies die korrekte woord. | 1<br>1<br>1 |
| Die (5.16 mans) (5.17 wie /wat) daar eet, gesels ook oor alledaagse dinge. | 5.16<br><br>5.17 | Gee die teenoorgestelde geslag.<br>Kies die korrekte woord. | 1<br><br>1 |
| Nols (5.18 se/sê) gesprek wys vir ons dat hy (5.19 bly/hartseer/ontevrede) is. | 5.18<br>5.19 | Kies die korrekte woord.<br>Kies die regte woord. | 1<br>1 |
| Die leesteken na "werklikheidsprogramme" is ŉ (5.20 uitroepteken/vraagteken/koppelteken). | 5.20 | Kies die regte antwoord. | 1 |
| Nols is (5.21 kort) as die ander man, maar hy is die (5.22 beste /beeste) (5.23 verkoop + man). | 5.21<br>5.22<br>5.23 | Gee die regte vorm.<br>Kies die korrekte antwoord.<br>Gee die korrekte samestelling. | 1<br>1<br><br>1 |

**[23]**

## VRAAG 6: STROKIESPRENT

Ben en Babsie praat met Basie oor moontlike loopbane. Bestudeer die strokiesprent en beantwoord dan die vrae daaroor.

Skryf die volgende sinne oor volgens die instruksies in die regterkantste kolom.

| | | | |
|---|---|---|---|
| (6.1 Ek en jou ma is ATKV-lede.) | 6.1 | Skryf die sin in die toekomende tyd. | 1 |
| Hulle eet (6.2 aan tafel/met ŉ mes en vurk/smôrens). | 6.2 | Gee die regte woordorde. | 1 |
| (6.3 Hulle maak sakke vol geld.) | 6.3 | Skryf die sin in die verlede tyd. | 1 |
| Hulle bespreek loopbane.(6.4 omdat) Hulle wil Basie met sy keuse help. | 6.4 | Verbind die sinne met "omdat" soos aangedui. | 2 |
| (6.5 Jy sal ŉ groot fortuin maak.) | 6.5 | Skryf die sin oor in die teenwoordige tyd. | 1 |
| Babsie is nie seker of hy ŉ dokter wil word nie. (6.6 Babsie twyfel …) | 6.6 | Voltooi die sin. | 2 |
| (6.7 Rekenmeesters maak sakke vol geld.) | 6.7 | Skryf in die lydende vorm. | 2 |
| (6.8 Babsie sê vir Basie: "Jy's ŉ grootprater.") | 6.8 | Skryf in die indirekte rede. | 2 |
| (6.9 Basie wil êrens gaan studeer.) | 6.9 | Skryf in die ontkennende vorm. | 2 |
| 6.10 Basie sê dat hy internet-poker wil speel. | 6.10 | Skryf die sin in die direkte rede. | 2 |
| Hulle het vier loopbane bespreek. (6.11 Hoeveel …) | 6.11 | Voltooi die vraag. | 2 |
| Basie moet verder gaan studeer. (6.12 Begin so: Basie behoort …) | 6.12 | Voltooi die sin. | 2 |

**[20]**

## VRAAG 7: REDIGERING

Lees die strokiesprent en beantwoord die vrae.

[Verwerk uit: *Rapport*, Oktober 2001]

Volg die instruksies in die regterkantste kolom en skryf elke keer die hele sin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7.1 Wat dink julle oor die gebruik van selfone. | 7.1 | Vul die ontbrekende leesteken in. | 1 |
| 7.2 Hulle behoort om te luister. | 7.2 | Skryf die sin reg oor. | 1 |
| 7.3 Haar gunstelling selfoon is die Samsung J700. | 7.3 | Verbeter die spelfout. | 1 |
| 7.4 Die tante kan dit nie glo. | 7.4 | Skryf die sin reg oor. | 1 |
| 7.5 Sy se dat sy op Mxit is. | 7.5 | Verbeter die spelfout. | 1 |
| 7.6 The cellphone helps me to communicate. | 7.6 | Vertaal die sin in Afrikaans. | 1 |
| 7.7 Sy het ŉ nuwe selfoon en sy hou van dit. | 7.7 | Verbeter die taalfout. | 1 |
| 7.8 Hulle dra valstande. | 7.8 | Gee ŉ suiwer Afrikaanse woord. | 1 |
| 7.9 Dus ŉ Samsung J700 selfoon. | 7.9 | Verbeter die taalfout. | 1 |

**[9]**

**VRAAG 8: KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

Kyk weer na die strokiesprent op bladsy 10 en beantwoord die volgende vrae:

8.1 Kies die korrekte antwoord.

Hoe voel Basie oor prokureurs?

A trots
B bly
C hartseer
D ontevrede (1)

8.2 "Ek speel internet-poker, dit is darem eerlik". Wat impliseer Basie met hierdie woorde? (2)

**[3]**

## VRAAG 9: KYK EN KOMMUNIKEER

Kyk na die prente, lees die situasie en voer elke keer die opdrag uit.

9.1 SITUASIE: Nols het laat huistoe gekom. Hy probeer stories vertel sodat sy vrou nie kwaad word nie.



OPDRAG: Wat sê Nols vir sy vrou om te wys dat hy jammer is? Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Nols: Ek … (2)

9.2 SITUASIE: Nols se vrou het haar vriendin oorgenooi. Nols wil graag help. Hy neem al die skottelgoed van die tafel af.



*Huisgenoot*: 27/11/2008

OPDRAG: Wat sê Nols se vrou vir hom om te wys dat sy dankbaar is? Voltooi die sin in ongeveer 10 woorde.

Hester sê: Nols, … (2)

9.3 SITUASIE: Die baas wil nie hê sy werkers moet tyd mors nie.



OPDRAG: Wat sal sy woorde wees? Kies die KORREKTE antwoord.

A Dagwood, doen jou werk!
B Dagwood, jy kan maar huis toe gaan!
C Dagwood, moenie tyd mors nie, doen jou werk!
D Dagwood, kyk hoe laat is dit. (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

## KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae.
Beantwoord slegs **EEN** vraag**.**

### VRAAG 10: DIE OOREENKOMS – DALENE MATTHEE

**Bestudeer die teks uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae daaroor:**

Hulle was soos twee broers wat mekaar eers teen die aand se kant leer ken het: Jakob en Willem.

Hulle was van die eerste intrekkers by die nuwe Rusoord; albei vlak in die sewentig, gesond van liggaam en verstand, en vasberade om van die laaste skof nog iets te maak. Die kamer wat hulle moes deel, was aan die sonsy van die gebou, ruim, en met huisgoed uit albei se verlede gemeubileer soos toegelaat deur die reëls van die Bestuur.

Nie dat hulle nie gou geleer het om sommige van die reëls met ʼn bietjie insig te vertolk nie, byvoorbeeld die reël dat …

Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter neer, bv. 10.1 A.

10.1 Die nuwe Rusoord is ʼn …

A vakansieplek.
B ouetehuis.
C koshuis.
D kliniek. (1)

10.2 “ruim” beteken dat die kamer …

A op die boonste vlak was.
B baie duur was.
C lekker groot was.
D aan die straatkant was. (1)

10.3 Jakob en Willem …

A het mekaar van kleinsaf geken.
B was baie verveeld in Rusoord.
C was nog lus vir die lewe na sewentig.
D het albei gesukkel om te onthou. (1)

10.4 Watter reël het hulle "met 'n bietjie insig vertolk"?

A Radio's mag nie te hard gespeel word nie.
B Alkohol mag slegs vir medisinale doeleindes in die kamer gehou word.
C Hulle mag nie hul eie motors gebruik nie.
D Geen speletjies word in die kamer toegelaat nie. (1)

10.5 Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
"Hulle was soos twee broers …" is 'n voorbeeld van ('n metafoor/ personifikasie/'n vergelyking). (1)

10.6 Jakob en Willem was ouer as sewentig. Skryf TWEE uitdrukkings uit die teks neer wat vir ons sê dat hulle by die laaste jare van hulle lewens gekom het. (2)

10.7 10.7.1 Wat dink jy, beteken "huisgoed"? (1)

10.7.2 Noem TWEE van Jakob en Willem se "huisgoed" wat hulle saam met hulle gebring het. (2)

> Halfses het hy gevra om 'n rukkie alleen gelaat te word in sy verdriet.
>
> Eers die aand, nadat dit stil geword het in die Rusoord, ruk die vrees onverwags in hom los: die ooreenkoms! Sê nou … Om in die lewe 'n ooreenkoms te maak oor ná die dood, is een ding; om dit skielik enige oomblik te wagte te wees, is 'n ander.
>
> "Willem," pleit hy sommer reguit, "ek dink ons beter die ding maar los. My hart sal nie dié skok nog by die ander skok kan staan nie. Ek het jou nooit gesê nie, ek was my lewe lank maar lugtig vir …"

10.8 10.8.1 Wie is "hy" in die eerste reël hierbo? (1)

10.8.2 Waaroor was hierdie persoon verdrietig? (1)

10.8.3 Hoekom het hy juis teen halfses gevra om alleen gelaat te word? (1)

10.8.4 Wat is "die ding" waarvan hy praat? Verduidelik volledig. (2)

10.8.5 Wat het hy nooit vir die ander persoon vertel nie? (1)

10.8.6 Wat het hy in die nag gedoen om hom te help as hy so bang was? Noem TWEE dinge. (2)

10.9 Dink jy die titel van hierdie kortverhaal pas by die storie? Verduidelik jou antwoord in jou eie woorde. (2)

**[20]**

**OF**

## VRAAG 11: DIE RAMP – T T CLOETE

**Bestudeer die teks uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae daaroor:**

Ek moes flink ry deur die nag om die volgende oggend betyds op die lughawe in … te wees om my vrou af te haal as die vliegtuig daar land.

Die kinders het baie gehuil, veral die twee kleinstes. Hulle het almal vas geglo … . Ek het hard probeer troos en al reisende half ongeduldig gedink: Wat kan mens tog nie tref nie.

Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer, bv. 11.1 B.

11.1 Watter een pas NIE? "Ek" in die eerste reël van die teks verwys na …

A die siek vrou se man.
B die verteller.
C die bestuurder wat die steenbokkie gestamp het.
D die weldoener. (1)

11.2 Die volgende oggend sou dit … wees.

A Vrydag
B Saterdag
C Sondag
D Maandag (1)

11.3 Op watter lughawe moes die man sy vrou afhaal?

A Kaapstad
B Port Elizabeth
C Houtbaai
D Durban (1)

11.4 Die kinders het geglo dat …

A die vliegtuig nie betyds sou land nie.
B die siek kind hospitaal toe sou moes gaan.
C hulle ma sou sterf.
D hulle pa in die nag sou verdwaal. (1)

11.5 Vandat die gesin weg is uit die Kaap, tot by Jeffreysbaai, het ŉ hele paar rampe hulle getref. Noem enige TWEE van hierdie rampe. (2)

Die rit was moeilik.

11.6 Noem TWEE redes waarom die rit moeilik was. (2)

Die plan deug. Dis ŉ klein, geel Mini-stasiewaentjie wat stilhou. Die bestuurder klim uit, hoor my aan, sê min, asof hy die vrede nie heeltemal vertrou nie, luister afgetrokke na my, lig met sy flits in die motor en sien die ander kinders.

Die ure gaan soos eeue verby. Uiteindelik kom my weldoener saam met die … daar aan.

11.7 Kies die korrekte antwoord tussen hakies:
"Die ure gaan soos eeue verby" is ŉ voorbeeld van (ŉ metafoor/ personifikasie/ŉ vergelyking). (1)

11.8 Skryf ŉ uitdrukking uit die teks neer wat beteken dat iets slaag/suksesvol is. (1)

11.9 11.9.1 Waarmee het die weldoener by die verteller aangekom? (1)

11.9.2 Waar het hy dit gaan haal? (1)

11.9.3 Op watter ander manier het hy die verteller ook gehelp? (1)

Uit blote nuuskierigheid of uit verligting loer <u>die drie van ons</u> by my motor se enjin in. Ons buk al drie vooroor. Toe ek my kop optel …

11.10 11.10.1 Voltooi: "die drie van ons" was die verteller, die weldoener en die … (1)

11.10.2 Wat was fout met die motor se enjin? (1)

11.10.3 Wat het gebeur toe die verteller sy kop optel? Gee ŉ volledige antwoord. (2)

11.10.4 Wat het na hierdie klein ongelukkie met die weldoener gebeur? (1)

11.11 Die titel van hierdie kortverhaal is Die Ramp, maar in die storie het daar verskillende rampe gebeur. Dink jy dus dat die titel by die storie pas? Verduidelik jou antwoord in jou eie woorde. (2)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**

**GROOTTOTAAL: 120**